

# GRENDEL- GEDAGTES

tema: **Tyd: Kommoditeit of gawe?**

teks: **Efesiërs 5:15-17**

## Inleiding:

Iemand vra die vraag: "Wat is die grootste kommoditeit in die tyd waarin ons leef?". En dan is die antwoord juis: "Tyd".

**Prediker 3:** Elke ding het sy vaste tyd, elke ding in hierdie wêreld het sy tyd: 2. daar is 'n tyd om gebore te word, 'n tyd om te sterwe, 4. 'n tyd om te huil, 'n tyd om te lag, 5. 'n tyd om te omhels, 'n tyd om weg te bly van omhelsing af. 11. God het elke ding gemaak dat dit pas in 'n bepaalde tyd, maar Hy het ook aan die mens 'n besef gegee van die onbepaalde tyd.

Sê nou jy kry elke dag R 86 400. Die voorwaarde is jy moet alles opgebruik. Ek dink ons sal dalk baie bewustelik oor die geld dink. Ons kry almal elke dag 86 400 sekondes. Die Bybel wil weet hoe ons die tyd gebruik.

## God en tyd:

1. God is bo tyd verhewe (2 Petrus 3:8)
2. God maak tyd – eendag op 'n slag (Genesis 1).
3. Die NT gebruik nie die meetinstrument van die aantal jare wat iemand geleef het nie, maar vra eerder na die inhoud van 'n lewe.
4. Jesus kom deel ons tyd in twee: v.C. en n.C.

5. Hy kom sterf vir ons op die bestemde tyd (Galasiërs 4:4; Romeine 5:6 ens.) en jy kan kies om in jou eie lewe 'n v.C. en 'n n.C. te hê (2 Korintiërs 6:2: "Op die regte tyd het Ek jou gebede verhoor, en op die dag van redding het Ek jou gehelp." Kyk, nou is dit die regte tyd, nou is dit die dag van redding.

## Ons opdrag ten opsigte van tyd:

Die Bybel kom leer ons ook hoe ons ons tyd moet deurbring.

## Skriflesing: Efesiërs 5:15-17

15. Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges. 16. Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd.

17. Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.

Letterlik staan hier: Kyk mooi hoe julle loop. Koop die tyd uit. Leef so dat julle julle tyd sal gebruik om wysheid te bekom (of om agter te kom wat die wil van God is). Uit Spreuke 9:10 weet ons wysheid begin met die dien van die Here.

Die Bybel is baie prakties: 1 Kor. 10:31: "Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God".

"This is the age of the half read page. The quick cash and the mad dash. The bright night with the nerves tight. The plane hop with a brief stop. The lamp tan, short span, the big shot and the good spot. The brain strain and the heart pain, and the cat naps till the spring snaps and the funs done." Virginia Brazier

#### **Ons het baie spreekwoorde oortyd:**

- As jy nie iets met tyd maak nie maak tyd met jou iets.
- *"You don't live once – you live everyday"*.
- *"Don't mark time, but use time to make a mark"*.
- In 'n meubelwinkel se venster staan daar: *"Antiques: While you wait"*.

Ons kan 2 dinge oor sê: Ons kry elkeen 'n onsekere aantal sekondes waaroor ons kan besluit wat ons daarmee gaan doen.

Ons sê tyd vlieg, maar onthou altyd God het jou die vlieënier gemaak.

Tyd is een van die grootste geskenke uit die hand van God. Ons moet dus bewustelik ons tyd gebruik want dit is iets, as jy dit weggee het, kry jy dit nooit weer terug nie.

#### **Grendelgedagtes:**

Ek dink die grendel tyd kom sê vir ons 'n paar dinge oor ons tyd.

1. *"Pain without gain is a shame"*. Moenie dat die virus en die swarkry hiervan net verbygaan sonder om iets te leer nie.
2. Leef bewustelik – soos die Engelse sê: *"Don't let a good thing go to waste, don't let any bad thing go to waste"*.
3. Hoekom moet ons eers wag vir 'n krisis voor ons die veranderinge maak wat ons nog altyd geweet het ons moet maak?

Mag ons elke geleentheid gebruik om God se wil te doen: Een dag op 'n slag.

#### **Saamgesels:**

1. Lees weer Efesiërs 5:15-17 en vertel vir mekaar wat hoor jy.
2. Deel met mekaar waar jy dink jy jou tyd goed gebruik en wat maak dat jy soms tyd mors?
3. Het jy dalk vir ons hulp oor hoe mens meer inhoud aan jou tyd kan gee?
4. Bid saam met Moses in Psalm 9:12: *"Here leer ons om ons tyd so te gebruik dat ons wysheid sal bekom, dat ons sal agterkom wat die wil van God is wat ons moet doen"*.